# GENERALE MISSIVE

*Nuusbrief van die Stigting VOC* ***1/18***
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Internet:** http://www.voc-kaap.org **E-pos/*E-mail*:** vocinfo@voc-kaap.org **Skakel/*Contact***: Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: rodecb@icloud.com . **Finansies /*Finance:*** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank**: Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam 'Stigting VOC Foundation.'

------------------------------------------------------------------------------------------------

*Welaen Vrunden!*

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering, 2018**

Die 23ste Algemene Jaarvergadering van die Stigting VOC vind om **10:30** op **Saterdag, 31 Maart 2018** plaas, by Huis der Nederlanden in Pinelands.

**Agenda vir Algemene Jaarvergadering, 2018.**

1. Verwelkoming en Aankondigings.
2. Kennisgewing van Bykomende Sake (Moet vóór vergadering met Voorsitter uitgeklaar word.)
3. Kennisgewing van afwesigheid.
4. Notule van AJV, 2017. (Sien Bylae A.)
5. Finansiële Jaarverslag, 2017. (Sien Bylae B.)
6. Voorsitter se Jaarverslag, 2017.
7. Verkiesing van Uitvoerende Komitee.
8. Projekte: 2018.
9. Bykomende sake.
10. Gasspreker, D. Sleigh: 'Karel Schoeman se *Skepelinge*.'
11. Afsluiting.
12. Heildronk en Sosiaal.

Nadat die Voorsitter die vergadering sluit, verdaag ons vir 'n sosiale halfuurtjie. So gou as almal gereed is sal hy die gebruiklike heildronk instel: '*Huis van Oranje!'* Dit is nie nodig om iets saam te bring vir die heildronk nie, want die borge maak dit moontlik**.**

**Bylaes:** Aangeheg aan hierdie *Generale Missive* vind u twee Baie Belangrike Bylaes, naamlik die Notule van 2017 se AJV en ons Finansiële Staat, 2017. Ons stuur dit vroegtydig aan lede om te bestudeer, vir kommentaar indien nodig, om tyd by die AJV te spaar.

**Insake die Algemene Jaarvergadering.**
Ons probeer om die AJV jaarliks so na aan Stigtingsdag (20 Maart) te hou. Ons vra lede om asseblief die vergadering by te woon en gee hiermee 'n maand vooraf kennis daarvan, sodat u sake so kan reël dat die oggend van Saterdag, 31 Maart vry en oop is om die AJV by te woon. Verskonings vul geen stoele nie. Leë stoele en 'n lang verskoningslys dra 'n boodskap van apatie en swakheid oor. Kom stel opbouende vrae en maak goeie voorstelle vir die uitbreiding en versterking van ons Stigting. Ons nooi ook lede van susterverenigings soos die

Orde van de Prinsen, Vriende van SASNEV en Stigting Simon van der Stel wat dikwels ons lesings bywoon. Bring familielede, vriende en bure saam wat moontlik ook lede van hierdie Stigting kan word. Ons is 'n unieke vereniging, gedurig besig met praktiese opvoedings- en bewaringswerk.

**Karel Schoeman se *Skepelinge***

Dié nuwe boek gaan oor die mans en vroue wat op VOC-skepe gevaar het, die voorvaders en -moeders van ons almal met 'n sewentiende en agtiende eeuse Europese herkoms in hierdie land. Die skrywer en sy boek, wat na sy dood in 2017 deur Human en Rousseau gepubliseer is, is hoog aangeprys deur die uitgewer self en resensente. '*Dit is geskiedskrywing soos geen Suid-Afrikaanse skrywer dit nog kon vermag nie* ' (uitgewer se flapteks), '*…uit die pen van die skrywer wie se kennis van … (die VOC) sekerlik die omvangrykste is wat daar nog was.*'(J.-J. Joubert: *Magistrale inventaris deur 'n meester op sy kruin. Rapport, 12.11.2017*.]

Hierdie en ander vreemde aansprake sal by ons Algemene Jaarvergadering bespreek word. Wat is die aard en die kwaliteit van Schoeman se sogenaamde 'geskiedskrywing?' Skaad hierdie boek sy reputasie en moes die uitgewer hom daarteen beskerm het? Het hy deur sy VOC-reeks bygedra tot die verspreiding van kennis oor en belangstelling in die VOC - een van ons Stigting se eie doelwitte? Op 8 Maart kom *Skepelinge* ook by die Stellenbosse Woordfees onder die vergrootglas, deur 'n paneel onder voorsitterskap van professor Louise Viljoen.

**Silwer Medaljewenners oorlede**

Twee van ons senior lede, Me. Marie-Lou Roux, jarelange voorsitter van die Kaapse Habitatraad en Dr Hans Fransen, kenner van Kaapse Volksboukunde, aan wie Stigting VOC se Silwer Medalje by dieselfde geleentheid in 2016 oorhandig is, is kort na mekaar oorlede. Hul lewenslange bydrae tot die bewaring van o.a. VOC-erfenis, wat hulle tot op hoë ouderdom onvermoeid gelewer het en slegs deur siekte beïndig is, dien as hul monumente.

Dr Antonia Malan van die Volksboukundige Vereniging van Suid-Afrika het gevra dat ons die onderstaande aan ons lede bekend maak:

*'Dear All,*
*A tradition of the Vernacular Architecture Society of SA is to devote a special issue of the VASSA Journal as tribute to members who have made significant contributions to vernacular architecture studies. It goes without saying that Hans Fransen, who passed away at the end of last year, is most worthy of this recognition!*

*We invite you to submit any relevant contributions towards this tribute (brief stories, images, etc.), but I am especially looking for short (10-20 pages?) essays of substance as well (e.g. his collaboration with Mary Cook). Depending on the response, we will decide how best to produce the tribute - as a Journal or as a Special Publication. See [vassa.org.za](vassa.org.za) for previous publications.*

*Please circulate this invitation and post it in relevant newsletters and on your blog sites.*
*Best wishes,*
*Antonia*
*021 433 0567 / 083 797 5672*
*VASSA Publications Portfolio'*

Ons het 'n paar foto's van Hans, wat deur ons lede by die oorhandiging van die Silwer Medalje geneem is, bygedra.

Twee ander entoesiastiese lede is ook skielik oorlede, naamlik me. Nell Gunn van Muizenberg en Leon Vorster. Leon was ’n kultuurhistorikus en museumkundige wat onder andere by die Stellenbosse en Caledonse Museums gewerk het. By Caledon was hy die afgelope jare ons skakel met die Chainoukwa-stam.

**Nuwe lede**



Foto: Jean Sleigh

Ons verwelkom graag vir Me. Yolande Lindeque-Strauss en mnr Meent Bekker as nuwe lede, en wens hulle ’n lang, gelukkige en wedersyds voordelige lidmaatskap toe. Yolande werk aan ’n rolprent oor die held Wolraad Woltemade, waarmee ons almal haar sekerlik voorspoed en sukses toewens.

**Kamer Antwerpen**



Foto: Voorsien deur Kamer Antwerpen.

Ons susterskamer in Antwerpen se 16de Algemene Jaarvergadering vind op Donderdag 29 Maart 2018 plaas. Op 10 Maart gaan hulle op besoek aan die stad Gent, om na die nuwe uitstallings in die Skone Kunste Museum te kyk, en in die namiddag ’n wandeling deur die stad, langs die beelde, basreliëfs en ornamente van Geo Verbanck (soos op foto.) Op 29 April besoek hulle die Benediktynse klooster van Chevetogne en op 7 Junie ’n stadswandeling deur Gent, ’n historiese sentrum van handel en kultuur. Kamer Antwerpen hou ons ook ingelig van VOC-nuus wat in Belgiese en Nederlandse koerante verskyn.

**Uit die Argief : ‘*Houzee!’***



Foto: Wes-Kaapse Argiefbewaarplek

Besoekers wat die Kaapse Argiefbewaarplek in Roelandstraat, Kaapstad se openbare sitkamer besoek, is bekend met die groot, beskilderde *rouwbord* van Jan Willem Klerck wat daar teen die muur uitgestal word. Klerck was ’n Nederlandse vlootoffisier wat later tydens die tweede Britse besetting in verskillende regeringsposte aan die Kaap gedien het. Die roubord is gedurende sy leeftyd geskilder; sy sterfdatum (1836) verskyn nie daar op nie. Die roubord en ’n aantal dokumente is deur sy nakomelinge aan die Argief geskenk en maak deel uit van die Klerckiana Genealogiese Versameling, wat grootliks uit geverfde Nederlandse familiewapens bestaan. Klerck was bekommerd dat die familiewapens verlore sou gaan, want die nuwe Bataafse Republikeinse (‘*Patriotten*’) regering het, kort nadat hulle in 1795 aan bewind gekom het, beveel dat alle rouborde en grafserke met familiewapens of tekste wat op adellike titels dui, binne 14 dae uit kerke verwyder moes word.

Die versameling bevat ander interessante materiaal, soos die toespraak van ’n bekende skeepskaptein wat sy bemanning voor ’n seegeveg aanmoedig, en afsluit met die woorde: ‘*Laat ons zulcks met een gesamentlijk houzee bekragtigen*.’ Die uitroep ‘*houzee*!’ word soms ‘*hoesee*’ geskryf, maar by Klerck vind ons dit in die oorspronklike vorm. Dit dateer uit die tyd van admiraals Tromp en De Ruyter, of dalk al uit die Geusetyd en beteken dat hulle nie sal padgee of wyk voor die vyand, of sonder om te veg na die hawe sal terugkeer nie. Toe ons susterskamer, Caemer Haagse Besoygnes op 31 Mei 2017 hul ‘Batavie-dag’ feestelik herdenk het - ek was bevoorreg om dit by te woon - is die heildronk ‘Die Koning!’ deur drie luide ‘*hoezees*’ gevolg. [Accessions 445 *Genealogica Klerckiana*, p.108. Wes-Kaapse Argiefbewaarplek.]

**Lutherse kompleks, Strandstraat.**
Ons is as ’n belanghebbende party deur die S.A. Erfenis Hulpbronne Raad (SAEHR) ingelig dat die Lutherse kompleks (kostershuis, kerk en predikantshuis) uit die VOC-tyd, aan die bo-punt van Strandstraat sy vorige bewaringstatus herwin het en van provinsiale tot nasionale gedenkwaardigheid opgegradeer is. Die bygeleë graanskuur, wat deur dieVOC van die eienaar gehuur is, is nie by die opgradering ingesluit nie.

**Brand by Maritieme Museum, Jakarta.**
Daar bestaan nog enkele VOC-geboue in Jakarta, die vroeëre hoofstad van Nederlands-Indië op Java- eiland. In drie gewese pakhuise van die VOC het die Indonesiese regering ’n nasionale maritieme museum opgerig. Onlangs was daar ’n verwoestende brand.

Fotos: Voorsien deur Kamer Antwerpen

*‘De brand was vermoedelijk ontstaan door een oververhitte kabel die vuur had gevat. In een mum van tijd stond het Maritiem Museum van Jakarta, gehuisvest in drie voormalige pakhuizen van de VOC, in lichterlaaie. De brandweer had vier uur nodig om het vuur te blussen. Slachtoffers vielen er niet, maar de schade is aanzienlijk. De dakken van de VOC-gebouwen stortten in. De collectie, waaronder modellen van VOC-schepen, traditionele Indonesische prauwen, maar ook een miniatuurvoorstelling van de Slag in de Javazee tijdens de Tweede Wereldoorlog, werd verwoest door de vlammen of het bluswater.*

*Het Maritiem Museum ligt in het historische ‘Nederlandse’ stukje van de miljoenenstad Jakarta. Jarenlang werd dit stadsdeel met zijn typische koloniale architectuur verwaarloosd, maar de kentering leek net te zijn ingezet. De pakhuizen waarin de Vereenigde Oost-Indische Compagnie vier eeuwen geleden koffie, thee en specerijen opsloeg, hadden net een opknapbeurt gekregen. Ook de uitkijktoren aan de haven, het alleroudste gebouw van de stad, werd gerestaureerd. De renovatie leek de hele buurt stilaan nieuw leven in te blazen.*

*‘Je kon zien dat ze het gebied echt wilden gaan exploiteren’, zegt Michael Rauner, directeur van het Nederlands cultureel centrum in Jakarta, in De Volkskrant. ‘Maar nu heb ik er een heel hard hoofd in. De wederopbouw van het Maritiem Museum gaat heel lang duren, en veel veel kosten. Wie gaat dat betalen?’*

*Toch ziet Rauner ook iets positiefs: De brand heeft veel inwoners van Jakarta geraakt, en dat is een nieuw gegeven. ‘De betrokkenheid is erg groot. Er is duidelijk iets veranderd. De Indonesiërs zien deze VOC-gebouwen kennelijk niet meer als iets Nederlands, maar als iets van henzelf.’* [Vir hierdie berig en foto’s bedank ons die bestuur van Kamer Antwerpen.]

**Register van Aktiwiteite**

Ons komiteelid Dr Nico Walters werk aan ’n register van ons aktiwiteite oor die afgelope 23 jaar, waaruit die wêreld kan sien watter soort organisasie ons is en waarmee ons ons besig hou. Dit is ’n waardevolle dokument en ook natuurlik goeie reklame vir ons. Die elektroniese register bestaan op die oomblik uit vyf dele, naamlik Projekte, Ondersteunende dienste, Lesings, Uitstappies en Donateurs en Borge. Daar kan seker nuwe lyste bygevoeg word, soos ‘Ontvangers van Silwer Medalje,’ ‘Lys van Voorsitters en Komiteelede,’ ‘Lys van Lede,’ en ’n album van foto’s geneem op ons toere en by spesiale geleenthede. Wanneer die Register voltooi is, sal dit op ons webwerf te lees wees. Baie dankie, Nico.

**Ledegeld**

Ons Stigting se ledegeld staan nou al jare lank op R90, 00 en die Uitvoerende Komitee het besluit om dit van vanjaar af tot R100, 00 te verhoog. Ons Tesourier vra dat u asseblief die bedrag elektronies in ons bankrekening plaas, om swaar bankkoste van kontanttransaksies te vermy. (Die bankbesonderhede verskyn bo-aan hierdie Nuusbrief.) Verskeie lede het in die

betaling van hul ledegeld agter geraak; dit maak boekhouding moeilik en die agterstallige bedrag beloop vanjaar al meer as R2000. Ons kanseleer nou die lidmaatskap van mense wat nie betaal nie en haal hul van ons poslys af. Skakel asseblief ons Tesourier insake betaling, as u agter geraak het maar nog lid van die Stigting wil bly.

**BYLAE A: Notule van AJV, 2017.**
(Aangeheg aan hierdie e-pos)

**BYLAE B: Finansiële Jaarverslag, 2017.**
(Aangeheg aan hierdie e-pos)

*Behouwde vaert ! / Slamat jalan!*
D. Sleigh (Dr): Redakteur
Jean Sleigh: Tegnies
28 Februarie 2018.